


# Arbeidsbediening

nuusbrief 2015 newsletter

Privaatsak/Private bag X8 • Bellville 7535 • Tel 021 952 1531 / 957 7184 • cbrink@kaapkerk.co.za • www.arbeidsbediening.co.za

## Transforming Inspiration

The theme of relationships flowed like a golden thread throughout the AGM last year: the relationship with ourselves, with God and our relationships with other people, especially in the workplace.

Prof Louis Fourie, our guest speaker, emphasised how we, over different periods of time, experience various changes. These changes come with advantages and disadvantages. Man remains a critical factor in any process. Yet in the process, a great deal of dehumanisation occurs. Today we experience it in the Age of Information and the impact on family structures, persistent poverty and unemployment.

Prof Fourie emphasised that love has to be manifested in this process of transformation. God's love inspires us to bring about transformation among ordinary people. The cherishing of relationships is, within the context of Industrial Ministry, very important. It doesn't mean that we must only minister to people with a message, but that we follow a holistic approach. The ordinary things in people's lives are important to God. We are an instrument in God's hand to restore people's dignity.

Prof Fourie also reminded the meeting that Industrial Ministry supports the church and helps to solve socio-economic problems. For this reason Industrial Ministry has to form partnerships with non-governmental organisations. He also quoted Dr Peter Wagner who said, "Community transformation is high on God's agenda and the main catalytic power that is going to accomplish this are the Christians in the marketplace."

Thereafter Mariëtte Odendaal led us in a workshop, guiding us to examine our relationships in a holistic way. We should think innovatively about our business.



*Prof Louis Fourie*

It is also important to be aware of who our target audience is. This means we must approach people in a holistically manner. If we are in touch with our target audience, we minister to them according to their real needs and adjust our style of communication to our target group.

The relationship with ourselves is important. What personal traits do I use in my ministry? To be able to stay steadfast in this ministry it is important to maintain a close relationship with God.

In the course of the day we heard countless stories and testimonies that inspired us all.



***Contact Carin Brink at cbrink@kaapkerk.co.za for more information.***

## Helderberg rol moue op vir Arbeidsbediening

In Helderbergkom word vyf-en-vyftig instansies deur 49 hulpwerkers bedien. Aanvullend hiertoe is daar ook vele ander ondernemings en instansies wat deur hulle bedien word, maar om te kan voorsien in al hierdie behoeftes, het jy fondse nodig.

Die NGK Strand hou elke Vrydag, van Februarie tot begin-Desember, 'n mini-basaar in hul kerksaal (h/v Fagan- en Birkenheadstraat) wat hulle "Die Plaas-mark" noem. Maar elke **laaste Vrydag in Januarie** stel die Strand-gemeente hul saal goedgunstelik vir **Arbeidsbediening** as 'n markdag beskikbaar.

Dan is daar is alles wat 'n basaar jou kan bied – van basaarpoeding, pannekoek en koffie tot boeke. Maar die groot trekpleister is veral die tafels met baie bekostigbare groente en vrugte van gehalte vanuit Villiersdorp en Grabouw, groente vanaf Klapmuts en uitvoerdruiwe vanaf De Doorns wat in oorvloed deur welwillende boere vir hierdie goeie saak geskenk word.



*Kopers by die Plaasmark in Helderberg*

'n Groep hulpwerkers en vrywilligers, met Frans Cronje as voorsitter, het hierdie jaar weer eens die moue opgerol en daar is GROOT gekuier!

Die goeie nuus is dat jy nog steeds elke Vrydag (tot November!) op die Plaasmark by die NGK Strand se kerksaal vars produkte kan gaan koop. Die eerste verkoping van die jaar is ten bate van Arbeidsbediening; en die res van die jaar is ten bate van die NGK Strand se baie bedieninge. Net twee weke in die wintervakansie en oor langnaweke vind dit nie plaas nie.

Hierdie jaar het die Januarie Plaasmark 'n bedrag van R28,150.00 ten bate van Arbeidsbediening ingesamel.Alle produkte is verkoop met R3,400.00 meer in verkope as verlede jaar. 'n Hartlike dank aan al die medewerkers en aan ons Hemelse Vader!

***Kontak Jan van den Berg by arb.bediening@lantic.net vir meer inligting.***

# 30 jaar in Mosselbaai tot Grootbrakrivier!



*Lede van die Arbeiderskoor*

Arbeidsbediening Mosselbaai vier vanjaar hul dertigste bestaansjaar in Mosselbaai-omgewing. Hulle span bestaan uit ongeveer 40 vrywilligers met Blackie Swart as voorsitter.

Stephna Maree, hul administratiewe beampte daar vertel: "Hierdie span Mosselbaaiers bedien ongeveer 230 besighede en fabrieke vanaf Mosselbaai tot by Grootbrakrivier. Buiten besoeke verleen hulle ook hulp waar nodig.

"Johan en Marietjie Boshof bedien, buiten die gevangenis, ook die plase in die omgewing wat 'n geweldige groot area beslaan. Hulle word deur James Nomdo bygestaan. Die Boshoffs besoek ook gereeld die @peace versorgingseenheid.

"Daniel Bruwer doen al jare ons Biblia Hawesending en by Sonskyn Valley bedien Gerhard en Elize Malherbe Sondae die kinders en grootmense met die Woord van die Here. Pierre Lamprecht is die voltydse geestelike werker en is al vanaf 1985 hier betrokke."

Stephna vertel verder: "Die sosiale hoogtepunte van die jaar is ons funksies wat deur die hulpwerkers gereël word. Daar was hierdie jaar ongeveer honderd van Mosselbaai se Vriende van Arbeidsbediening teenwoordig by die funksie waar daar aan hulle 'DANKIE' gesê is vir hul lojaliteit en ondersteuning oor al die jare heen.

"Jan Coertze, sakeman van George, het as gasspreker opgetree en Raadsdame (burgemeester) Marie Ferreira het gepraat oor die ontstellende toestande in ons land en haar waardering uitgespreek teenoor Arbeidsbediening se betrokkenheid by die geestelike versorging en omgee van mense in die plekke van werk. Die Arbeiderskoor onder leiding van Innes Benade het opgetree en die pragtige Arbeidslied gesing, en daar is ook 'n tjek van R28 529,00 wat tydens die Gholfdag 2014 ingesamel is, aan Arbeidsbediening Mosselbaai oorhandig."

Mag julle met ywer julle wonderlike werk voortsit!

***Woon jy dalk in Mosselbaai of in die omgewing en wil by hierdie sinvolle bediening betrokke raak? Gaan besoek dan gerus hul kantoor by die NG Kerk Mosselbaai op die hoek van Kerkstraat en Georgeweg. Jy kan hulle ook kontak by 044 690 6003 of 082 041 8945.***

# Special Awards of Recognition



*Carin Brink with Dr Pieter Bingle*



*Gerrie Grobler (middle)*

Over the past three years, two very special people were honoured by receiving a special award of recognition from Industrial Ministry for their exceptional service.

The first one was received by Dr Pieter Bingle (in December 2012) for his more than 40 years of devotional service to the seafarers' ministry, the establishment of Biblia and guidance as Chairman from 1 March 1981 to 31 December 2011. Dr Bingle still serves on the Governing Body of Biblia Harbour Mission.

The second charter was awarded to Gerrie Grobler in Somerset West on 19 January this year for his service of more than 24 years with Industrial Ministry Helderberg. He served with distinction as a board member, where he served for several years as vice chairman. He ministered at various service points in this period, where he was a beloved friend in Jesus for the workers. He was also part of the initiative on two occasions where Bibles were placed in every vehicle of "Lang's Transport Services" in order to help promote the spread of the gospel.

***Contact Carin Brink at cbrink@kaapkerk.co.za for more information.***

# Redaksioneel



*Carin Brink*

Laat ons nooit vergeet dat ons as Christene almal 'n roeping het nie; God het ons elkeen geroep om te getuig en ons roeping uit te leef – veral in die plek waar ons werk. Mense moet 'n stukkie van God se liefde in ons kan ervaar.

Dit is een ding om te kan sê jy weet daar is 'n plek soos die Biblia-gebou vir bediening aan vissers in Kalkbaai, maar dis iets heel anders as jy, as visserman, eers Marvin en Veronika Petersen se liefde en aanvaarding daar ervaar. Dis een ding om Roy Stamper op die treine te hoor preek, maar dis iets anders as jy in sy sagte oë kyk en sien hoe hy jou aanvaar – nes jy is, want hy, as oud-misdadiger, ken die pad van die Here se onvoorwaardelike vergifnis en omarming. Dis een ding om te sien ander mense het Bybels, maar dis iets anders as jy as skoolkind in die Paarl nou ook jou eie Bybel het. En dis een ding om te kan sien hoe werkgewers vooruitstrewende ondernemings het, maar dis iets heel anders as jy sien dat hulle spesiaal vir jou geestelike behoeftes 'n kapel laat bou en weekliks 'n dag en tyd opsysit vir die gebruik daarvan by Meyer en Ferreira.

Lees hiervan en nog meer in hierdie uitgawe en besef jou verantwoordelikheid om as Christen die liefde van die Here teenoor almal om jou in die werkplek uit te leef.

# Editorial

Let us never forget that we as Christians all have a calling; God has called each one of us to witness and to live accordingly – especially in the place where we work. People have to experience something of God's love in us.

It is one thing to be able to say you know there's a place like the Biblia building for ministry to fishers in Kalk Bay, but it's different when you, as a fisherman, experience Marvin and Veronika Petersen's love and acceptance. It's one thing to hear Roy Stamper's testimony on the trains, but it's different when you look in his soft eyes and see how he accepts you – just as you are, because he, as a former criminal, knows the Lord's unconditional forgiveness and embrace. It's one thing to see other people have Bibles, but it's different when you, as a school child in the Paarl, now have your own Bible. And it's one thing to see how employers have thriving businesses, but it's different when you see that they built a chapel especially for your spiritual needs, and weekly set aside a day and time for use, as at Meyer and Ferreira.

Read about these stories and more in this issue, and realise your responsibility to live the love of Jesus to all people in your workplace.

***Carin Brink cbrink@kaapkerk.co.za***

# Collins Bomali se storie



*Collins Bomali besig om op Bellville-stasie van die personeel met die Woord te bedien.*

Toe Collins Bomali as klein Xhosa-seuntjie Sondae saam met sy ma op pad na die NGK in Afrika se kerkgeboutjie op De Aar geloop het, het hy nooit kon raai vir hoeveel mense hy eendag op die treinstasies in die Kaapse Metropool met hierdie einste Blye Boodskap hoop in hulle lewens sou help gee nie.

Transnet se treindienste het baie mense aan diens wat elke dag moet sorg dat die treine soggens begin loop, dit op die spore bly en betyds by stasies opdaag, en dat die honderde passasiers wat van treinvervoer afhanklik is, hul kaartjies gekoop kan kry.

En tussen al hierdie mense loop daar 'n man met 'n naambordjie aan sy lapel wat sê: Arbeidsbediening / Industrial Ministry met 'n groot rooi kruis en sy naam, Collins Bomali. Hy is die man wat sorg dat al hierdie klerke, rangeerders, kaartjieskantoormense en nog baie ander ook geestelik versorg word.

Na skool het Collins 'n administratiewe klerk geword en by 'n sekuriteitsfima gaan werk. Sedert April 2007 is hy egter as geestelike versorger van Transnet in die plek van mnr Vani (wat afgetree het) aangestel en werk hy nou al vir langer as sewe jaar in hierdie hoedanigheid.

Collins werk vanaf Maandae tot Vrydae vanaf sewe-uur soggens om stasiepersoneel te besoek op die Transnet-treinlyne van Bellville tot Somerset-Wes, en Bellville tot Stellenbosch. Hy besoek die Transnet-werknemers op die verskillende stasies en ontmoet hulle in kantore waar hy vir hulle uit die Bybel lees, vir hul behoeftes bid en hulle ook met persoonlike probleme (soos bv. swak verhoudings, kinders met dwelmprobleme, ens.) help waar nodig. Hy maak ook seker dat mense met ernstige probleme hulp kry by professionele mense wat *pro bono* hulp verleen.

Een maal per maand, op 'n Saterdag om 11:00 vergader al die treinkontrolleerders by Century City te Windermere waar daar gewoonlik so tussen 25 en 30 mense teenwoordig is; Collins word ook gereeld daarheen uitgenooi.

"In hierdie werk moet jy Afrikaans, Xhosa en Engels kan praat; almal moet met die evangelie bedien kan word," vertel Collins. Een Woensdag was hy byvoorbeeld by Langa nadat een van Metro se vroue oorlede is en hy die herinneringsdiens daar gaan waarneem het. Op hierdie manier raak hy ook persoonlik by die mense betrokke en ondersteun hy hulle ook buite werksverband.

Collins is getroud en het twee kinders van 14 en 4 jaar oud. Hulle woon in Lower Crossroads.

***Contak Carin Brink by <u>cbrink@kaapkerk.co.za</u> vir meer inligting.***



# Bibles for Paarl's children

*Some of the school children at Ronwe Primary School in Paarl with Christo Prince (right) and the principal, Mr Wayne Cupido (left)*

Vera Blaauw from Paarl tells us that their twenty volunteers minister the Word to workers of 45 companies and organisations in Paarl and Franschhoek on a monthly basis. "We also became a member of the Paarl Business Forum in order to connect more effectively with the business sector," she says.

"The character of the various workplaces differs from one another, but everywhere we experience accessibility and a positive attitude towards Industrial Ministry," she proceeds. "Workers are sometimes under extreme pressure in terms of job security and relationships in the workplace. They often ask questions about the Bible, give prayer requests and are sometimes supported on a personal level according to their need."

One of their most wonderful experiences recently was when 205 Bibles were distributed at several schools and a nursing home. Sixty of these Bibles were handed out free of charge to school children by Christo Prince on behalf of Industrial Ministry; they were donated by the Bible Society.

There are two groups: a grade 6 and 7 group of about 35 children from Ronwe Primary School who come together for Bible study on Tuesdays, and a Grade 8 and 9 group of about 25 children from various schools who came together for Bible study on Thursdays at the DRC Drakenstein at Denneburg, Paarl.

Danny Arendse, who is very involved in the community, sees to it that this group of children receive valuable guidelines for their lives from the Bible every week.

At this event Christo expressed his gratitude towards the principal of the Ronwe Primary School, Mr Wayne Cupido for what is done for these children – the future of our country.

***Contact Vera Blaauw at <u>verablaauw47@gmail.com</u> for more information.***

# 'n KAPEL in 'n FABRIEK?

Het jy al gehoor van 'n onderneming wat tyd maak vir die geestelike versorging van sy werknemers, en daarop aandring dat dit nie in hul etenstyd nie, maar eers nadat hulle vir hul middagete gegaan het, moet plaasvind? Dit getuig nie net van 'n werkgewer se respek vir sy werknemers se rustyd nie, maar ook vir hul werkers se spirituele behoeftes.

In 1980 het die oorspronklike eienaar van die meubelfabriek Meyer en Ferreira in Stikland, mnr Tienie Meyer, 'n klein kapelletjie langs die fabriek laat oprig sodat hul werkers 'n ruimte kon hê waar die destydse Nywerheidsbediening, nou Arbeidsbediening, hulle geestelik kon bedien.

Hierdie reëling word steeds deur sy seun, mnr Anton Meyer en sy kleinseuns, Marius en Anthonie toegepas – ds Jannie Booysen van die VGK Delft kom besoek al die afgelope paar jaar die werkers van Meyer en Ferreira elke Donderdagmiddag na middagete.

Die werkers word na middagete op 'n luidspreker aan die diens herinner wat in die kapel gaan begin. Dit word op vrywillige basis bygewoon en duur tussen tien en vyftien minute.

Die werkers vind die Arbeidsbedieningsessies baie sinvol en getuig: "Dit bou ons gees op; die dienste help ons om ons challenges van die lewe te kan face. Dit versterk ons."

"He helps us to have faith in our harts; the community needs these good things," sê 'n volgende een.

"Hier voel ek tuis en welkom; ek skep moed en voel versterk," getuig 'n derde.

Ds Jannie Booysen vertel dat hy ook al so geheg geraak het aan die mense en hulle sal mis as hulle die dag nie opdaag nie.

Werkers is ook welkom om gebruik te maak van die kapel vir gebedsessies in tye van swaarkry en trauma; die sleutel is altyd beskikbaar. Ons loof die Here vir werkgewers met so 'n omgee-gesindheid.

***Kontak Carin Brink by cbrink@kaapkerk.co.za vir meer inligting.***



*Ds Jannie Booysen besig met sy bediening by die meubelfabriek, Meyer en Ferreira.*

# Biblia cares for Kalk Bay Harbour



*Marvin Petersen building relationships at Kalk Bay Harbour*

If you're driving through the beautiful Kalk Bay again, remember to pop in at the white-and-blue-painted Biblia Harbour Mission kiosk just after the boom on the left. This is where Marvin Petersen and his German wife, Veronika, will welcome you with open arms.

This couple ministers to the Fishing Community of Kalk Bay in general, but focusses, especially from Tuesdays to Thursdays and Sundays, on the fishermen in the harbour. They provide a cosy and hospitable space where the fishermen are cared for spiritually and where they are provided with Bibles and other spiritual information.

They also serve the youth of the fishing community; on Fridays Veronika leads Bible study with a group of children (10-17 years) and on Saturdays they are sometimes taken out on interesting trips.

Marvin is currently studying part-time at the Baptist Seminary in Athlone towards being a pastor and is already working on his fourth year of the five-year course.

Veronika obtained a degree in Social Work in Germany already, as well as her Licentiate in Theology from the Bible Institute diagonally across the harbour.

But let them speak for themselves. Marvin explains:

"Most of the workers in the harbour can't attend church in the mornings due to their busy schedules. Therefore, we have decided to bring the church to them. We have devotions at the Biblia Kiosk and experience it as a blessing to the harbour workers.

"The Bible studies with the children living in Kalk Bay continue to be a success and blessing. My wife and I still conduct these studies in the afternoon at the Bible Institute.

"Recently we received an encouraging acknowledgement from one of the parents. She highlighted that we are doing a good job because her child's behaviour and school grades are improving. She furthermore said that we should continue doing the good work.

"It is always a blessing to hear such words of encouragement because it also helps us to keep our focus on what God has called us to do," he says.

***Contact Marvin Petersen at marvin.spetersen@gmail.com for information.***

# In George they care for people in the workplace

In George there are quite a few spiritual workers who share God's love with and care for people in their workplace. The spiritual workers who are currently working in this area are Rina Collins, Sam Juba, Sonja van Walbeeck, Elsa Erasmus, Lien Lingeveldt, Rinske Reitsma and the three new workers, Pieter Botha, Breggie Barnard and Louis Kirstein.

George Kuyler and his team do Bible study, and Riana Crafford does training on six farms. The rest of the team visits a total of 26 businesses whose employees are regularly ministered to with a short message and prayer.

The greatest need is for Bibles: English, Afrikaans and Xhosa. Donations are welcome and can be delivered to their office. There is also an urgent need for a full-time worker, for which there are currently no funds. Maybe someone can be of assistance?

***If someone has a contribution to make or wants to get involved, they can contact the office at 044 884 1404 or Pietie le Roux at arbeidsbediening.tuinroete@gmail.com.***



*Pietie le Roux and a farm worker studying the Bible together.*

# Namakwaland se Arbeidsbediening kan jou werksplek verander!



*Jaco Leeuwner*

Jaco Leewner wat betrokke is by die werksaamhede van Arbeidsbediening in Namakwaland laat weet:

"Ons fokus is tans op Vredendal, Springbok en die omgewing rondom die twee dorpe. Ons wil graag Arbeidsbediening by kerke en besighede voorstel en sakemanne met hul werknemers uitnooi om met ons kontak te maak."

En wat bied Arbeidsbediening aan 'n gemeenskap? Jaco antwoord: "Ons bid vir hulle en bring gepaste weeklikse werksplekboodskappe deur e-pos en die internet. Ons besoek ook graag die werksplek op uitnodiging en doen berading wanneer nodig.

"Ons 'Life Direction'-werkswinkels help individue om na hul identiteit, impak en plek in die lewe te kyk (binne en buite die werksplek) met toepaslike hulpbronne wat hulle help om hul geloof met ander te deel.

Hy vertel verder: "Die eerste 'Life Direction'-werkswinkel is so pas afgehandel. Dit is by die Assemblies of God-kerk te Nababeep aangebied en 14 mense het daaraan deelgeneem. Nege van hulle sal dit wat hulle geleer het by hul werksplekke gaan uitleef en toepas, een afgetredene wil graag 'n vrywillige werker vir Arbeidsbediening in Nababeep word en een persoon wil graag 'n voltydse sendeling by Operasie Mobilisasie word. Drie van hulle is werkloos, maar pas dit wat hulle geleer het daagliks toe waar hulle is."

Jaco het onlangs dorpies en besighede rondom die Knersvlakte besoek. Hy vertel: "Dis nie net baie droog hier waar mens en dier na reën smag nie; baie plekke ervaar ook 'n Geestelike droogte. Bid vir Christene wat op plekke erg verdeeld is en prys die Here se naam vir ander plekke waar hulle juis saamkom in eenheid om die Here se stem te hoor oor die pad vorentoe."

***Kontak Jaco Leeuwner by jaco.leeuwner@om.org vir meer inligting.***

# Weskus-omgee vir werkers in die werkplek



*Landa Bester besig om werksmense te bedien by 'n fabriek in Vredenburg aan die Weskus.*

Die mensdom het baie liefde en aandag nodig, en hier op aarde is ons die Here se voete en arms en hande. En so word die Lig ook na die plekke van werk gebring waar nodig. Landa Bester, voorvatter van Arbeidsbediening aan die Weskus vertel haar verhaal:

"My man, Christo Bester, se betrokkenheid by Arbeidsbediening het 21 jaar gelede, in 1991, begin toe hy begin het om by Transnet (nog in ds. Van der Merwe se tyd) dienste te hou. Nadat Ina Bekker by die Nywerheidsafdeling weg is, het Christo dit by haar oorgeneem.

Sy vertel verder: "Christo is ongelukkig in Mei 2012 oorlede en een van my eerste bekommernisse was om iemand te kry wat kon aangaan met die werk. Ek het 'n plaaslike pastoor genader, maar hy het nie daarvoor kans gesien nie.

"Terwyl ek daaroor gebid het, het Carin Brink, bestuurder van Arbeidsbediening Kaapstreek, my gevra om dit te doen. Op 1 Julie 2012 het ek met Arbeidsbediening (Nywerhede) en Steve Compion (hulpwerker en oud-Transnetter) by Transnet begin, wat ek na twee maande ook oorgeneem het.

"Tans bedien ons so dertig besoekpunte by nywerhede in en om Vredenburg en ongeveer dertig punte by Transnet. Sommige plekke word weekliks, sommiges twee-weekliks en sommige maandeliks besoek. Daar is tussen 7 en 10 hulpwerkers/vrywilligers (pastore en predikante ingesluit) wat help hiermee."

Omdat Landa net halfdag daar kan werk, kan sy nie so baie tyd by die mense in hul werkplekke spandeer nie, maar sy voer wel persoonlike gesprekke met hulle en bemoedig, help en doen voorbidding vir hulle waar nodig. Indien berading nodig is, verwys sy hulle na bekwame mense in die omgewing.

Landa vertel verder: "Ek koördineer ook die 'Waardevol vir Jesus'- projek (Poppie-projek) van Straatwerk waar ons laerskole besoek en die kinders van gr R tot gr 7 bemagtig met 'n Christelike boodskap teen seksuele misbruik, pornografie en prostitusie. Elke kind ontvang dan 'n sakkie met 'n poppie, 'n boekmerk met 'n noodnommer en 'n paar lekkertjies. Hier in Vredenburg het ons ook 'n span uit verskillende kerke wat saamwerk; dit sluit ook kerkleiers in."

Landa is ook betrokke by by CBEF (Christo Bester Ekumeniese Fonds), 'n nie-winsgewende organisasie wat geïnisieer is deur een van die predikante wat opheffingswerk in die omgewing doen.

En hoe beskou sy haar rol in Arbeidsbediening? "Ek sien myself as iemand wat mense bymekaar bring … soms het ek die voorreg om 'n skakel te wees tussen behoeftes en helpers. Ook om as skakel op te tree vir mense om God te ontdek en werklik te leer ken."

***Kontak Landa Bester by lanbester@vodamail.co.za vir meer inligting.***

# Roy Stamper's hope for train passengers


Roy Stamper ministering commuters on their way to Cape Town

I recently went with Carin Brink, regional manager of Industrial Ministry Cape Region, to Bellville Railway Station to meet Roy Stamper, their train evangelist.

It's pretty busy at Bellville Station: it's school holidays, most people are going to work and the trains are late. It's a colourful whirl of interesting faces of all ages. Roy leads us down the stairs, under the train tracks where many people are selling their fruit and other treats from colourful stalls in the long corridor, and up the stairs again. We are just in time to board the third-class carriage.

Roy puts his battery-driven speaker on the luggage rack above our heads, unrolls the wires of the loudspeakers and starts his message with a strong, seasoned voice. He tells the passengers about the story of the prodigal son. I see how he slowly, but surely, gets the people's attention; most of them have probably come from difficult circumstances before stepping into this carriage this morning.

Passengers get on and off at the various stations on the way to Cape Town, but Roy proceeds with his message. I see how some disinterested passengers focus on their cell phones, while others' eyes are fixed on Roy. One young man exclaims every now and then, "Hallelujah!" or "Amen"; clearly touched by Roy's heartfelt testimony. Beside him stands a man in a T-shirt that says "Bad Boy"! A little girl with bobbled hair, looking like antennas on her head, looks wide-eyed at Roy.

And I notice how Roy adjusts his testimony according to his ever changing audience. When he sees there is a row of young men sitting in front of him, he encourages them, as possible fathers of children, to take responsibility for their paternity and love their children. If he sees there are more schoolchildren and young adults, he speaks of his addiction to drugs, his life as a criminal, how he wasted many years in prison and how his quality of life degraded because of bad choices.

He speaks seriously and with love, and he says "I was there ... leave it ... you have a choice. Jesus loves you and can save you, and you can start a new life in Him."

When we arrive at Cape Town Station, I know there is someone who is going to make a choice for life today; someone who will give his child an extra hug tonight; someone who will say 'no' and make a healthy choice for life ...

We thank the Lord for people like Roy Stamper.

*Mariëtte Odendaal*

***Contact Carin Brink at <u>cbrink@kaapkerk.co.za</u> for more information.***

# Wellington netwerk twv 'n gesonder gemeenskap

Wanneer 'n mens reflekteer oor Arbeidsbediening se visie: *Arbeidsbediening is 'n diensarm van die kerk van Christus in die werkplekke van mense om sodoende Christengelowiges in die markplek te ondersteun om geloofsgetrou te werk en sodoende Christelike waardes en deugde uit te leef in die arbeidslewe;* dan vra 'n mens jouself onwillekeuring: "Maar hoe bring 'n mens hierdie visie tot vervulling in die werkplek?"

Pastorale sorg vorm 'n belangrike diensarm in Arbeidsbediening Wellington. Pastorale sorg reik uit na werkgewers en werknemers en hul afhanklikes waar hulle moontlike persoonlike of werksplekprobleme ondervind. Afsprake word geskeduleer gedurende die normale werksdag met die toestemming van die werkgewer.

Aangesien ons nie oor al die vaardighede beskik nie, is dit belangrik om te netwerk met organisasies. Verwysings word gedoen na eksterne bronne (bv. maatskaplike werkers, sielkundiges, psigiaters, welsyn-organisasies, ens.). Wanneer jy ouers kan help met kinders wat dwelm- en/of alkoholverslaafdes is; gebroke huwelike genees en ondersteuning bied met sterftes, bring dit hoop.

Mense wat afgedank word, word gehelp en toegerus om weer 'n toekomsverwagting te hê. Mense moet weer hul kop kan optel, hul gesinne in die oë kan kyk, hul selfbeeld herstel en met 'n positiewe gemoed nuwe werkgeleenthede soek. Wanneer 250 mense ewe skielik sonder werk is en jy kan hulle emosioneel, geestelik en fisies ondersteun, bring dit hoop.


Werknemers van Wellington wat in die werksplek deur Gods Woord bedien word.

Skuldberading is daar om werkgewers en werknemers te help om: i) hul skuldprobleme te hanteer, ii) advies en berading te gee, en iii) 'n bekostigbare oplossing te gee.

Leierskapontwikkeling fokus om besigheidseienaars en bestuurders te ondersteun en te bemagtig om geloofsgetrou te werk.

Ons wil graag op persoonlike vlak by bestuurders betrokke raak en hulle lewensafrigting (life coaching) gee. Werkgewer- en werknemerwelstand is belangrik. Arbeidsbediening Wellington poog om besighede te ondersteun om 'n meer produktiewe organisasie te wees.

***Kontak Johan Crous by <u>crousjm@telkomsa.net</u> vir meer inligting.***

# Hout Bay's Fishermen

If you stroll around Hout Bay's harbour between the (mostly abandoned) fish factories, you will see Biblia Harbour Mission's building diagonally opposite Snoekies, the popular fish and chips cafe.

If you go up the wooden stairs, you will meet Rev. Gerhard Pietersen, also lay preacher of Hout Bay DRC. Gerhard ministers part time at Industrial Ministry's Fishermen's Ministry in Hout Bay. He says, "At first I just focused on the fishermen, but I soon changed to a more holistic ministry of the whole community.

"The fishing industry has declined," he continues, "factories were closed down (there is only one operating in the entire port), fish are scarce, quotas are a problem, and the men who work as fishermen are away from their families for sometimes up to six days a week. All of these factors contributed to severe social problems, such as drug addiction, domestic violence, conflict and gangs," says Gerhard.

In an attempt to address all these problems, he formed partnerships with many




*Gerhard Pietersen (right) and Carin Brink (left) on the staircase of the Biblia Harbour Mission building in Hout Bay.*

non-governmental organisations, such as *Cares Rehab*, a support group for drug addicts, and *Community Cohesion*, which also uses their Hout Bay Biblia kiosk and serves the community's social needs. Volunteers are used to support and counsel families.

Gerhard pays regular visits to the fishermen and people at the kiosk at the harbour and prays for their needs. Bible study is also part of his ministry in the Biblia Harbour Mission building, where many outcasts find a welcome home.

Several pre-school buildings were also erected in the community where their children can be cared for.

The teenagers and young adults are also ministered with the gospel by means of Sports Ministry, and 21 coaches were equipped to help. They completed the mentoring programme so that they can act as role models for the children, and establish trusting relationships with them. This is to ensure that the children have a mentor who they can talk to if needed. These children have a lot of aggression and need mentors in the community, as well as the opportunity to participate in any form of sport.

***Contact Gerhard Pietersen at gmpietersen@gmail.com for more information.***



# Swellendam vir Arbeidsbediening

Andries en Louise Truter het na hul aftrede/uittrede in 1999 uit buitengewone onderwys na Swellendam verhuis. Hulle was skaars ingetrek, toe word hulle genooi om die eerste naweek in te skakel by 'n "King Fisher Seminaar".

Kort daarna het oom Lindenberg Tomlinson, een van die stigters van die plaaslikse aksie vir Arbeidsbediening, kom inloer en twee weke daarna het Andries begin om nuwe besighede te besoek en vir homself "werk te skep". Dit was 'n wonderlike geleentheid om die dorpsmense te leer ken en so het hulle gou deel geword van 'n familie van gelowiges oor kerkgrense heen.

Andries vertel: "Die 4 dienste per maand het gou gegroei na 12 en later tot 34. Saam met Lindenberg het ons dan en wan ook op plase besoek afgelê en selfs namens Arbeidsbediening by Amos ingeskakel."

Maar intussen moes Andries as gevolg van omstandighede baie afskaal; hy is wel steeds betrokke by 'n klub van afgetrede plaaswerkers wat weekliks vergader om geestelik en fisies versterk te word. Hy is ook o.a. betrokke by hul plaaslike tehuis vir bejaardes se Bybelstudie en by die plaaslike koerant.

***Kontak Andries Truter by apiegee@telkomsa.net vir meer inligting.***

*Knip hier...*

***Ja, ek wil baie graag 'n medewerker van Arbeidsbediening word.***

Hier is my offer van [R200] [R100] [R50] of R ..................

**Bankbesonderhede:**

| | |
|---|---|
| Naam: | Arbeidsbediening |
| Bank: | ABSA |
| Takkode: | 630110 |
| Rek. nr. | 34 014 2373 |
| U verwysing: | *Noem saak van ondersteuning* |
| Ons verwysing: | *U naam en van* |

*Merk wat van toepassing is:*

☐ Ek wil graag 'n bydrae maak van R .................. (Gaan na www.arbeidsbediening.co.za. Klik op ***Raak Betrokke*** en kies ***Donasies***)

☐ Ek het 'n tjek gestuur na **Arbeidsbediening, Privaatsak X8, Bellville, 7535**

☐ Ek het 'n direkte deposito in Arbeidsbediening se rekening gemaak. U Verwysing: ***Arbeidsbediening***.

Faks die inbetalingsbewys na **021 957 7181.**

**FAKS (021 957 7181) of e-pos asb u onderstaande besonderhede na cbrink@kaapkerk.co.za.**

My naam en adres: ______________________________

______________________________

______________________________

Tel: ______________ E-posadres: ______________

# Macedoniese roepstem na Port Elizabeth



*Ds Jan Kampman van PE, voorsitter van Arbeidsbediening in Oos-Kaapland, praat met die afgevaardigdes tydens die konferensie.*

In Handelinge 16:9 het Paulus 'n Macedoniese roepstem gehoor wat sê: "Kom oor na Macedonië en kom help ons". Paulus en sy geselskap kon nie anders as om hierdie stem te gehoorsaam nie. Die roepstem wat van die Oos-Kaap Arbeidsbediening na die Arbeidsbediening Wes-Kaap gekom het, het ons laat besluit om mekaar se hande te vat.

Op 26 en 27 Maart was daar 'n konferensie in Port Elizabeth waar verteenwoordigers uit die Wes-Kaap 'n moedige klomp werkers uit die Oos-Kaap ontmoet het. Tot nou toe het elkeen van die geestelike werkers in die Oos-Kaap gesamentlik of heeltemal afgesonderd die blye boodskap probeer uitdra aan werkers wat reeds gretig is om die Woord van die Here te hoor.

Ds Jannie Booysen van die VGK Delft vertel: "Op Donderdagaand het ons mekaar se stories aangehoor en diep onder die indruk gekom dat die Here, ten spyte van die opdraande stryd, steeds op wonderbaarlike wyses werk. Die stories van seën het net nie opgehou nie en het uiteindelik die hele konferensie gekenmerk.

"Ons uit die Wes-Kaap was diep beïndruk deur die verskeidenheid van dienslewering wat die Oos-Kaap se mense reeds doen – 'n kaleidoskoop van bedieninge tov Transnet, Seelui, firmas en selfs vragmotor- en taxi-bedieninge!

"OpVrydag het drr Johan Botha en Eddie Orsmond die geskiedenis van Arbeidsbediening met ons gedeel en uit die aanbiedinge was dit duidelik dat die Oos-Kaap histories en globaal in goeie hande was. Op hierdie manier is hulle aangemoedig om gerus voort te gaan met hul werk op plaaslike vlak en is daar vir die res van die dag praktiese wenke met mekaar gedeel oor hoe om ons werk nog beter te kan doen.

"Die besondere leergierigheid van die konferensie-gangers , die deeglike beplanning (met ds Jan Kampman aan die stuur) en die Here wat sy kinders altyd seën as hulle in kritiese tye na hom vra en sy aangesig soek (2 Kron 7 : 14), het gesorg vir baie hoogtepunte.

"Die besluit van die Wes- en Oos-Kaap om van nou af, as eenheidsfront, saam vorentoe te beweeg, was die grootste mylpaal wat tydens die konferensie bereik is. Dit is God wat ons seën en na mekaar toe lei," sê ds Booysen.

***Kontak Carin Brink by cbrink@kaapkerk.co.za vir meer inligting.***

'n Hartlike dank aan alle medewerkers van hierdie uitgawe. Ons bedank ook al ons donateurs wat ons werk so getrou ondersteun. Lees meer van Arbeidsbediening by ***www.arbeidsbediening.co.za*** en op ons facebook by ***https://www.facebook.com/Arbeidsbediening***. Kontak ons gerus by ***cbrink@kaapkerk.co.za*** / Arbeidsbediening, Privaatsak X8, BELLVILLE, 7535.
Cell: 083 651 9515.

A warm thanks to all the contributors of this issue. We also thank all our donors who support our work so faithfully. Read more about Industrial Ministry at ***www.arbeidsbediening.co.za*** and at our Facebook at ***https://www.facebook.com/Arbeidsbediening***. Contact us at ***cbrink@kaapkerk.co.za*** / Arbeidsbediening, Private Bag X8, Bellville, 7535.
Cell: 083 651 9515.

# Hang in there!

André van Staden, spiritual worker of Industrial Ministry in Oudtshoorn, tells us that their ministry fulfils a great need in the workplace.

"The message is wonderful and God blesses those who serve Him. Those who do not receive this wonderful ministry, do not know what they are missing," said one of the employees of a company where André ministers.

"Yes, it is an honour and privilege to be served by God's Word every second Wednesday," said another.

André explains: "The people are hungry and thirsty for God's Word; we do not comprehend how huge the need is to be ministered to in the workplace – I believe there are still many small businesses that can be visited."

André tells us how he, long ago at a certain business, started to serve the Word. Although he wasn't received warmly and the manager made him feel very uncomfortable, he proceeded to frequently minister to these employees with the Word before the start of the day's work. He never failed to greet the manager in a friendly manner and to wish him prosperity for his business. The manager



could also hear how André interceded for his business every time.

Later on André began to see that the manager also took the time to listen to his messages. And one day this manager began to friendly greet him, and even called his staff for the meeting with André himself and came to stand next to him. The manager also began to support Andre's ministering material financially.

Today the attendence has grown from eight to more than thirty people! We praise the Lord for His wonderful work, and that people can experience God's love and care in their place of work.

***Contact André van Staden at wes1@telkomsa.net for more information.***

## Kry krag vir die dag!

Meer as 3 000 mense in 12 lande ontvang elke week 'n boodskap via Gert Berning wat per e-pos aan werkers, of enigiemand wat so 'n behoefte het, gestuur word. Dit is danksy Gert se span medewerkers beskikbaar in Afrikaans, Engels en Xhosa. Lees ook meer by *https://sites.google.com/site/eposbediening*.

***Kontak Gert by gertberning@gmail.com as jy belangstel.***

DESIGN A PRINT 021 975 9648